Skrifgedeeltes: Genesis 49:1-28 en Efesiërs 3:7-13

Teksvers: Genesis 49:21

Tema: Naftali: Leef die ryke verskeidenheid van God se wysheid as deel van die kerk!

"Aanstap rooies, die pad is lank en swaar, die mense wag al daar en die koffie is al klaar..."

Op hierdie stadium in ons land, voel baie van ons soos hierdie Afrikaner-beeste waarvan hierdie volksliedjie sing. Die pad is lank en swaar en ons moet nou maar net hierdie wa deur die drif trek. Kop af, een voet voor die ander, en ons hoop ons sien die einde van die jaar. Om verskeie redes is daar maar baie min van ons wat regtig positief is oor die toekoms van ons land en ons persoonlike lewe. Dit voel asof ons in `n oorlewingstryd, `n oorlog, is en ons hoop maar net ons oorleef.

Ironies genoeg is dit wat Naftali se naam beteken: stryd of worsteling. Toe Bilha vir Ragel hierdie seun in die lewe gebring het, het Ragel gesê dat sy in `n stryd gewikkel was, maar dat sy gewen het. Daarom het sy hierdie seun Naftali genoem. En dan, wanneer Jakob hierdie seun seën aan die einde van Jakob se lewe, dan noem hy hom `n takbok wat vry rondloop en wat `n mooi nageslag het. Naftali wen. God werk regdeur Naftali se bestaan om hom van `n bakleier na `n wenner te bring. Gaan lees gerus Rigters 5 vanaf vers 18 en mens hoor hoe God vir Naftali `n oorwinnaar gemaak het.

Maar God het nie net in Naftali se lewe só gewerk nie. Hy het in al Jakob se seuns se lewens só gewerk dat sy grootheid duidelik word. Ten spyte van die verskillende tipe mense wat hulle was en die foute wat hulle in hulle lewe gemaak het en hoe donker die toekoms vir hulle gelyk het waar hulle in Egipte sit. Elkeen van hierdie kinders van Jakob, met sy eie persoonlikheid, het op die einde `n stam geword in die volk Israel en deur hierdie volk Israel het God se grootheid duidelik geword.

Luister maar weer hoe Jakob van sy kinders beskryf: Ruben is `n onstuimige lot stormwater, Juda is `n leeu, Issaskar is `n donkie, Dan is `n slang, Naftali `n takbok, Josef `n boom en Benjamin `n wolf. Elkeen van hierdie stamme is uniek. Elkeen het `n ander rol om te vertolk in die lewe van die volk. Elkeen van hulle met hulle uniekheid is belangrik in die doel waarvoor God hierdie volk geroep het. En hierdie doel is om God se Naam bekend te maak daar waar hulle gaan.

In alles wat hierdie verskillende stamme van die volk doen, moes dit duidelik word dat die Here hulle God is - nie net in die manier wat hulle optree en lewe nie, maar ook in dit wat met hulle gebeur en hoe hulle reageer. Gaan lees gerus weer deur die Psalms, my broers en susters, en hoor hoeveel keer word daar gesê dat die volk moet vertel van die groot reddingsdade van die Here. Dat vriend en vyand moet hoor van die grootheid van die Here.

En onthou, hierdie opdragte en hierdie besig-wees met Sy volk, het die Here nie gedoen terwyl Israel in `n vakuum was nie. Dit het nie gebeur net wanneer dit goed gegaan het nie. Dit was juis in die tye waar hulle geen hoop op die toekoms gehad het nie, waar God dikwels hierdie opdragte gegee het en waar God sy grootheid laat duidelik word het. Dit het gebeur toe die volk in Egipte slawe was, net voor hulle die Beloofde Land moes intrek en oorlog moes maak teen reuse, dit het gebeur toe hulle konings hulle van God wou laat wegdraai en dit het weer gebeur toe hulle in ballingskap gesit het in Babilonië en later in Assirië.

En dan, eeue later, wanneer Paulus aan die gemeente in Efese skryf, skryf hy weer oor die groot reddingsdade van die Here en dat God deur die verskeidenheid in sy Kerk sy wysheid en groot reddingsboodskap laat bekend word. Wat Paulus hiermee sê is dat God se bedoeling met die kerk nooit verander het nie. God se kerk, Sy volk, word groter deurdat alle volke, tale en nasies deel word van die kerk en deur hierdie onbeskryflike verskeidenheid word die boodskap van redding en wysheid bekend gemaak.

Trouens, Paulus noem hierdie boodskap God se verborge plan wat Hy geheim gehou het. En hierdie verborge plan wat God só geheim gehou het, is dat dit nie net die Jode is wat deel is van die volk van die Here nie. Elke persoon wat in Jesus Christus glo en wat aan Hom vashou, word deel van die volk van die Here. Juis daarom is daar hierdie onbeskryflike verskeidenheid en diversiteit in die kerk!

Die verskeidenheid wat daar onder Jakob se seuns was, was maar nog net `n klein voorsmakie van die massiewe verskeidenheid wat God in Sy kerk gee. En die rede vir hierdie massiewe verskeidenheid is wonderlik. Hoor hoe sê Paulus dit: "Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim, soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring."

Met ander woorde: God se grootheid en wysheid is só onbeskryflik dat die enigste manier waarop iets daarvan duidelik kan word, is deur die onbeskryflike verskeidenheid in die kerk en dat die Kerk een is ten spyte van die verskeidenheid. Juis dit is wat Jesus Christus aan die kruis gedoen het: Hy het ons almal deur Sy bloed één gemaak! Al verskil ons só ontsettend baie van mekaar, is ons een en is dit nodig, want dit is al hoe die ryke verskeidenheid van God se wysheid in die heelal bekend kan word.

Elkeen van ons wat in hierdie erediens sit, is deel hiervan! Nie net is ons elkeen ons eie persoon met ons eie voorkeure, afkeure, smake en gebruike nie, maar die Heilige Gees gee ook aan ons elkeen sekere gawes wat ons kan en moet gebruik om só hierdie verskeidenheid van God se wysheid bekend te maak! Die Heilige Gees maak ons verskeidenheid nog meer deur die verskillende gawes, juis sodat hierdie ryke verskeidenheid van God se wysheid nog duideliker kan word. Elkeen van ons het `n rol en taak in hierdie gemeente en deurdat ons dit uitleef word die boodskap van God se groot wysheid bekend.

En nou is dit so, my broer en suster, dat die Here nie vir ons hierdie opdrag gee net wanneer dit goed gaan met ons nie. Hy gee dit nie aan ons met `n voorwaarde dat ons net sy verskeidenheid moet uitleef as dit goed gaan nie. Nee, juis ook wanneer dit swaar gaan, wanneer die lewe moeilik is en die toekoms maar donker lyk, kan en moet en mag ons hierdie verskeidenheid uitleef om God se groot wysheid bekend te maak.

Het jy al daaraan gedink, my broer en suster, God gebruik jou met die persoonlikheid wat jy het om die heelal te vertel van sy grootheid en sy wysheid - selfs die engele en demone en selfs Satan hoor hierdie boodskap in en deur jou lewe: God se grootheid en wysheid is onbeskryflik meer en wonderliker as wat ons kan besef!

Ja, die pad is lank en swaar in Suid-Afrika, maar spreekwoordelik kan ons ons kwassies swaai-swaai en ons koppe fraai wieg, want God gebruik elkeen van ons op `n besonderse manier om die boodskap van die ryke verskeidenheid van Sy wysheid bekend te maak! Lewe daarom hierdie

boodskap van verlossing in Jesus Christus, oor menslike grense heen, terwyl ons een is, as deel van die kerk. Só maak jy God se grootheid en wysheid bekend aan die heelal!

Amen